TAG
INCORPORATED
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) • Geregistreerde Ouditeure

MAAK 'n VERSKIL...
Reik 'n helpende hand uit en verander lewens!

Bemagtigings BEURSFONDS

SAKE PROFESSIONALITEIT – OUDIT UITNEMENDHEID

INLEIDING – Wie is TAG?

TAG is `n geregistreerde rekenmeesters en ouditeursfirma geleë in Silver Lakes, Pretoria. Ons bied onder andere oudit-, rekeningkundige- en belastingdienste aan ons gediversifiseerde kliëntebasis. As SAIGR geregistreerde opleidingskantoor en JSE geakkrediteerde firma, is ons diens en opleiding van die hoogste gehalte. Ons personeelkorps van 40 sluit volle gekwalifiseerde GR's, `n groot aantal aspirant GR's, asook professionele personeel in ander dissplines in.

HOEKOM?

- In lyn met TAG se Christelike Missie en Visie.
- TAG wil 'n verskil maak in individue se lewens.
- Wil 'n voordurende / blywende impak maak, nie net 'n eenmalige aksie nie.
- Wil sosiale verantwoordelikheidsin kweek by personeel.
- Wil 'n verantwoordelikheidsin kweek by individue vir hulle eie toekoms en ontwikkeling.

HOE?

- TAG is 'n SAIGR geregistreerde opleidingskantoor en neem jaarliks klerke vir Oudit spesialisasie in.
- Daar is 'n behoefte om belowende kandidate te identifiseer.
- Baie belowende kandidate het nie die fondse om te studeer nie en kan nie by groot korporatiewe instellings beurse bekom nie.
- TAG het 'n beursfonds begin om belowende kandidate die geleentheid te bied om deeltyds te studeer terwyl hulle klerkskap voltooi.

WAT Behels Beurs?

- Volle indiensneming by TAG as leerlingrekenmeester teen 'n markverwante salarispakket.
- Studiegelde by UNISA vir deeltydse studie in BCompt(Acc).
- Boekgelde voorskot.
- Verblyf naby TAG (volle inklusief op prerogratief van TAG) – kandidaat betaal maandeliks nominale huur.

MAAK 'n VERSKIL...
Reik 'n helpende hand uit en verander lewens!

BEURSHOUERS
Verantwoordelikheid:

- Begin as voorgraadse klerke werk by **TAG** (5 jaar klerkskap wat verkort na 4 jaar as graad binne 4 jaar verkry).
- Akademiese vordering in terme van SAIGR akademiese vorderingsreëls*.
- Eie vervoer na/van **TAG.**
- Bestaansuitgawes (klere, versorging ens).
- Betaling van nominale maandelikse huur.
- Terugbetaling van boeke voorskot.

* Sou nie hieraan voldoen, word die beurs en dienskontrak beeinding.

TAG se Verantwoordelikheid:

- Finansiële bystand soos bo gedefinieer.
- Opleiding en ontwikkeling.

DIE BEURS Keurings Vereistes:

- Voorkeur word verleen aan kandidate wat nie oor die nodige finansiële bronne beskik om verder te studeer nie.
- Kandidate moet nodige akademiese aanleg en tersiêre toelatingsvereistes vir BCompt(Acc) beskik.
- Benewens tersiêre toelatingsverseistes, die volgende minimum akademiese vereistes:
    - Wiskunde C simbool / Vlak 5 OF Wiskunde Geletterdheid A simbool / Vlak 7.
    - Rekeningkunde D simbool / Vlak 4.

KEURINGSPROSES:

- Kandidate voltooi beursaansoekvorm en dien in tesame met Graad 11 / Graad 12 puntestaat.
- Motiveringsbrief vanaf skoolhoof / voog / ouer.
- Kandidate word genooi vir aanvanklike onderhoude.
- Kortlys word opgestel.
- Finale rondte kandidate word gestuur vir aanleg toetse op TAG se onkostes.
- Gebasseer op aanlegtoetse en onderhoude word beurshouer(s) gekies.
- Beurshouers word in kennis gestel.

SAKE PROFESSIONALITEIT – OUDIT UITNEMENDHEID

TAG INCORPORATED

Ons benut
ontleed
optimaliseer
sinchroniseer

U kapitaliseer

KONTAK TAG VANDAG NOG
om 'n aansoekvorm te bekom!

Kontakbesonderhede:

Tel: 086 182 4462 / 012 809 7000
Faks: 012 809 3303
E-pos: query@tagafrica.com
Privaatsak x35, Lynnwood Ridge, 0040.
Emwil House West, Tijgervallei Office Park, Silver Lakes, 0081, Gauteng.